**Kom eet ontbyt! (OP258)**

**Joh 21:1-14**

**10 Mei 2026**

Laasweek het ons stilgestaan by die Here Jesus se tweede verskyning aan die dissipels agt dae na Opstandingsondag. In daardie verskyning het die fokus veral geval op Thomas wat nie die vorige week teenwoordig was met die Here Jesus se eerste verskyning nie. Nadat die Here Jesus aan Thomas Sy hande en sy gewys het, en aan Thomas gesê het hy moet nie langer ongelowig wees nie, maar gelowig, het Thomas gereageer met sy kosbare belydenis: "My Here en my God." Thomas het gesien en geglo, soos Johannes, Maria Magdalena en ook die ander dissipels 'n week tevore. Hierop het die Here Jesus gereageer met die volgende uitspraak: "Gelukkig is hulle wat nie gesien het nie, en tog tot geloof gekom het." Natuurlik is dit 'n heenwysing na almal wat tot geloof in die Here Jesus kom, al het hulle Hom nie fisies gesien na Sy opstanding uit die dood nie – dit sluit dus mense soos ons in. Daarna het ons daaroor besin dat Johannes juis sy evangelie geskryf het aan hierdie mense – sodat, al het hulle nie die opgestane Here Jesus fisies gesien nie, kan hulle oortuig wees Hy is die Christus, en Hy is die Seun van God, en deur in Hom te glo, kan hulle die lewe in Sy Naam hê.

Vandag begin ons om Joh 21 te oordink. Joh 21 is die laaste hoofstuk in die Johannes-evangelie. Voordat ons na die inhoud van die hoofstuk begin kyk, is dit nodig dat ons van twee sake moet kennis neem.

- Is Joh 21 werklik deel van die Johannes-evangelie, of is dit later bygevoeg?
- Is Joh 21 ook deur Johannes geskryf, of dalk deur iemand anders? En as dit iemand anders is, wie was dit?

Ek gaan nie vandag veel oor die tweede vraag sê nie – ek sal moontlik volgende week iets meer daaroor sê. Laat my egter toe om 'n paar opmerkings te maak oor of Joh 21 deel van die Johannes-evangelie is: Daar word dikwels geredeneer Joh 20:30-31 is duidelik die klimaks van die Johannes-evangelie, en soos wat ons laasweek gesien het, het Johannes sy boek sorgvuldig saamgestel om op te bou na daardie klimaks. Daar word geredeneer teen die einde van Joh 20 het Johannes die doel met sy boek bereik: Hy het reeds beskryf die Here Jesus is die Christus, hy het reeds die opstanding beskryf, hy het reeds beskryf hoe die Here Jesus aan die dissipels verskyn het, hy het reeds beskryf dat die Heilige Gees gaan kom, hy het reeds beskryf dat die Here Jesus die groot opdrag aan die dissipels gegee het as gestuurdes na die wêreld. Wat kan nog bygevoeg word? Daar word geredeneer alles wat hierna bygevoeg word, loop die gevaar om die fokus op hierdie heerlike klimaks af te water. Daarom word geredeneer is Joh 21 'n hoofstuk wat later bygevoeg is, maar wat nie deel van die oorspronklike evangelie was nie. Laat ek dit direk duidelik maak: Hierdie argument maak glad nie vir my sin nie. Dink aan wat dikwels in 'n storieboek of 'n film gebeur: die storielyn bou op na die klimaks – en dan gebeur die klimaks. Maar baie dikwels is daar na die klimaks nog 'n paar los drade wat vasgemaak moet word, is daar verdere ontknoping wat volg om die storielyn finaal af te rond. En dit lyk vir my dit is wat ook in die Johannes-evangelie gebeur. Ons het laasweek gesien dat die "storielyn" in die evangelie opgebou het na Joh 20:31 wat logies gevloei het uit die ontmoeting met Thomas – daarom verskyn die klimaks van die evangelie juis daar aan die einde van Joh 20. Maar nou is daar 'n paar onafgehandelde sake wat aandag moet geniet. Sake soos: Wat gaan gebeur met Petrus – aan wie die Here bepaalde beloftes gemaak het maar wat die Here Jesus drie maal verloën het? Teen die tyd dat Johannes sy evangelie skryf, was Petrus alreeds oorlede, maar Johannes nie – hoe moet gelowiges hieroor dink? En daar is nog belangrike detail wat ons sal leer

soos wat ons deur Joh 21 werk. Daarom is ek oortuig Joh 21 is ‘n sinvolle bydrae tot en afsluiting van die Johannes-evangelie.

Ek wil vandag stilstaan by die eerste gedeelte van Joh 21, en ek wil dit oordink aan die hand van die volgende twee punte: (1) Die soewereine Here Jesus voorsien oorvloedig (Joh 21:1-8), en (2) Die liefdevolle Here Jesus bedien ontbyt (Joh 21:9-14).

<u>Die soewereine Here Jesus voorsien oorvloedig (Joh 21:1-8)</u>

Lees Joh 19:1. As ons lees hierdie gebeure speel af “Hierna”, beteken dit dat die gebeure chronologies volg op die verskyning van die Here Jesus aan die dissipels op daardie tweede Sondagaand. Maar ons weet nie hoeveel tyd intussen verloop het nie. Ons lees wel dat die gebeure afspeel by die See van Tiberias. Die “See van Tiberias” is ‘n ander naam vir die see van Galilea – die gebeure speel dus af in Galilea. Die vorige verskynings van die Here Jesus na Sy opstanding in Joh 20 het in Jerusalem plaasgevind. Dit beteken dus dat die dissipels na die viering van die Pasga en die fees van die ongesuurde brode, van Jerusalem na Galilea gereis het. Immers het die engel op Opstandingsondag aan die vroue gesê om aan die dissipels te gaan sê die Here Jesus gaan hulle vooruit na Galilea (Mat 28:7, Mark 16:7). Wel, nou het hulle na Galilea gegaan. Dit blyk dus dat die Here Jesus nie saam met hulle gegaan het nie – dit is anders as voor Sy kruisiging toe hulle bykans voortdurend in Sy teenwoordigheid was, en saam met Hom gereis het. Ons lees ook in vers 1 die Here Jesus het aan hulle “verskyn” by die see van Tiberias – soortgelyk aan die verskynings in Jerusalem waar Hy eers afwesig was, en dan onverwags in hulle midde verskyn het.

Lees Joh 21:2. Ons lees van sewe dissipels wat daardie dag by die see van Tiberias was: Simon Petrus, Thomas Didimus, Natanael, die seuns van Sebedeus – ons weet hulle is Jakobus en sy broer Johannes (dit is die Johannes wat besig is om hier te skryf), en dan nog twee ander dissipels wie se name nie gegee word nie.

Lees Joh 21:3. Weereens is dit Petrus wat die inisiatief neem en sê dat hy gaan visvang, en direk dui die ander dissipels aan hulle gaan saam met hom. Daar is verskillende opinies oor hoe ons Petrus se stelling moet verstaan: Sommiges redeneer Petrus het met sy visvangs bedoel hy keer terug na sy vorige lewe voordat die Here Jesus hom geroep het as een van die dissipels. Dit sou impliseer dat Petrus opgegee het op sy roeping as dissipel, en dat hy in effek ook sy rug op die Here Jesus gedraai het. Daar is ander wat redeneer Petrus se optrede was nie so drasties nie. Hulle redeneer soos volg: Die feit van die saak is dat die Here Jesus gesê het hulle moet Galilea toegaan, waar Hy hulle sal ontmoet. Wel, hulle was gehoorsaam en het na Galilea gegaan. Nou is hulle in Galilea, en nou wag hulle op die Here Jesus. Maar terwyl hulle wag, i.p.v. om ledig te sit, stel Petrus voor dat hulle hulle tyd sinvol gebruik deur vis te vang – immers moet die dissipels steeds eet. Ek stem saam dat ons nie met absolute sekerheid kan sê wat Petrus se bedoeling was nie, maar ek dink laasgenoemde interpretasie is eerder nader aan die waarheid. Let egter op: Selfs al is die doel met hierdie visvangs bloot om die tyd te verwyl en aan hulle kosbehoeftes te voorsien, is die optrede van die dissipels hier so anders as wat dit in Handelinge is na die uitstorting van die Heilige Gees – daar begin hulle ywerig preek, maar hier wag hulle en gaan vang hulle vis. Daarom is die uitspraak van die Here Jesus in Joh 20:22 waar Hy gesê het: “Ontvang die Heilige Gees”, nie direk die werklike uitstorting van die Heilige Gees nie, maar eerder net ‘n vooruit aankondiging van die komende koms van die Heilige Gees – soos wat ons geredeneer het toe ons na hierdie vers gekyk het.

Maar daardie hele nag het hulle niks gevang nie (v3).

Lees Joh 21:4-5. Dit was toe dat die Here Jesus verskyn het. Hy het op die strand gaan staan, terwyl die dissipels steeds in die boot op die water was – ongeveer 100 m van die kant af. Op daardie

stadium het die dissipels nie geweet dat dit die Here Jesus is nie. En dan vra die Here Jesus vir hulle: "Kinders, julle het seker niks om te eet nie?" Dit is ietwat onverwags dat die dissipels na 'n nag op see sonder enige sukses, wel reageer op die vraag van 'n onbekende man wat ongeveer 100m ver op die strand vra hulle het seker niks om te eet nie. Maar hulle antwoord met "Nee".

Lees Joh 21:6. Vervolgens suggereer die Here Jesus dat hulle die visnet aan die regterkant van die skuit moet uitgooi – dan sal hulle wel iets kry. Ek is nie 'n visserman nie – maar ek weet darem nie: As ek wel 'n visserman van beroep was, en ek het die heelnag geswoeg om vis te vang maar niks gevang nie, en 'n onbekende man roep van die wal af ek moet die net aan die regterkant van die skuit uitgooi – want dan sal ek iets vang – ek dink ek sou krapperig gewees het met hierdie voorstel. Maar die dissipels het geluister, hulle het dit gedoen – en toe vang hulle iets, trouens hulle vang baie – so baie dat hulle nie die net in die boot kon trek nie – vers 11 sê hulle het 153 groot visse gevang!

Kan ek weer twee opmerkings maak:

- Daar was deur die jare al baie pogings om te verduidelik hoekom daar spesifiek 153 visse gevang is: Daar was al redenasies dat dit is hoeveel visspesies daar is. Daar was al redenasies dat dit is hoeveel nasies daar op die aarde is na wie die dissipels gestuur word. Daar was al allerlei pogings om dit te koppel met die profesie in Esegiël 47 waar ons lees van die stroom lewende water wat uit die tempel vloei na die Dooie See, en so ver as wat dit vloei wemel dit van lewe. Die stroom vloei af tot by En-Gedi en En-Eglajim. Dit is hier waar die interpretasies kleurvol word: In Gematria word aan elke Hebreeuse woord 'n syferwaarde toegeken op grond van die letter in die woord – die syferwaarde vir Gedi is 17, en die syferwaarde vir Eglajim is 153. Boonop as jy 17+16+15+14+...+1 sou optel, is die antwoord 153 ... en jy kan net dink hoe verbeeldingryk die betekenisse word wat hieraan gekoppel word. Ek is maar baie skepties oor enige interpretasie wat hierop gebou word. Dit lyk vir my die veiligste is om te sê daar was 153 visse, want daar was 153 visse – iemand het dit getel, en 153 visse is baie visse – daar was dus baie visse in die net.
- Daar is ook al gespekuleer oor hoekom die dissipels juis die net aan die regterkant van die skuit moes uitgooi. Ek moes glimlag toe ek Don Carson se verklaring lees: Hy sê die Here Jesus het gesê hulle moet die net aan die regterkant uitgooi, want Hy het geweet aan die regterkant van die skuit was daar 'n skool van groot visse.

Lees Joh 21:7. En dan kliek Johannes (die dissipel vir wie die Here Jesus liefgehad het) – die onbekende Man op die strand is die Here Jesus! Dit is tipies van Johannes – onthou op Opstandingsondag was dit ook Johannes wat eerste gekliek het toe hy die linnedoeke in die graf sien lê het – hy het voor Petrus gesien en geglo die Here Jesus het opgestaan – al het Petrus voor hom in die graf ingegaan en gesien. Maar, netso tipies as wat Petrus se reaksie daar by die graf was, is sy optrede nou – soos op Opstandingsondag toe hy eerste die graf ingehardloop het, is dit nou weer Petrus wat onmiddelik reageer: Hy trek sy bokleed aan, spring in die water en gaan na die Here Jesus – terwyl hy die ander dissipels los om te sukkel met die boot en die net vol groot visse!

Maar kom ons dink nou bietjie verder oor Johannes en Petrus – kom ons begin by Johannes: Hoe het Johannes skielik tot die besef gekom dat dit die Here Jesus is wat op die strand staan en met hulle praat? Natuurlik was die onverwagse vangs van 153 groot visse deur bloot die net aan die regterkant van die skuit uit te gooi, juis na 'n nag sonder enige sukses om iets te vang, 'n verstommende resultaat wat iemand wat denkend is, soos Johannes, aan die dink moes sit. Maar waaraan het Johannes gedink? Waarskynlik aan die gebeure in Luk 5:1-11. Blaai saam met my soontoe, en let op die volgende:

- Lees Luk 5:1-3. Let op waar hierdie gebeure afspeel – by die Meer van Gennesaret – dit is by die see van Tiberias – heelwaarskynlik speel die gebeure op dieselfde plek af as die gebeure in Joh 21. Let op: daar was twee bote, en een van die bote was Petrus se boot. In Joh 12 is dit Petrus wat eerste sê hy gaan visvang – is dit vergesog om te dink dat dit dalk ook met dieselfde boot van Petrus was waarin hulle hierdie nag visgevang het?
- Lees Luk 5:4. Nadat die Here Jesus die mense klaar geleer het van Simon Petrus se boot af, het die Here Jesus vir Petrus gesê hulle moet na die diep water vaar en die nette laat sak om vis te vang. In Joh 21 was dit ook die Here Jesus wat gesê het hulle moet die net weer laat sak.
- Lees Luk 5:5. Petrus maak beswaar – hulle het die hele nag reeds geswoeg om vis te vang, maar hulle het niks gevang nie – soos in Joh 21. Maar, sê Petrus, as dit is wat die Here Jesus sê hulle moet doen, dan sal hy dit doen – soos wat hulle ook in Joh 21 toe die nette laat sak het nadat die Here Jesus gesê het hulle moet dit doen.
- Lees Luk 5:6-7. Die gevolg was dat hulle soveel vis gevang het dat die nette wou skeur. Hulle moes die vis in die bote laai – en daar was soveel vis dat beide die bote wou sink. Dit herinner aan Joh 21 waar hulle soveel vis gevang het, hulle kon nie die visnet in die boot trek nie.
- Lees Luk 5:8-10. Die reaksie van Petrus was om voor die Here Jesus neer te val met die woorde: "Gaan weg van my, Here, want ek is 'n sondige mens." Die reaksie van Jakobus en Johannes, wat ook daar teenwoordig was, was verwondering en verbasing. En toe sê die Here Jesus vir Petrus: "Moenie bang wees nie. Van nou af sal jy mense vang."
- Lees Luk 5:11. Hierdie gebeure het aanleiding gegee daartoe dat Petrus en Johannes en Jakobus die Here Jesus begin volg het.

Sien jy dit? Die denkende Johannes moes tog sekerlik daardie oggend in Joh 21 toe hy alles waargeneem het wat besig was om te gebeur, veral toe hulle skielik op wonderbaarlike wyse baie vis vang, op aandrang van daardie onbekende Man op die strand, teruggedink het aan daardie gebeure in Luk 5 aan die begin van hulle dissipelskap toe hulle op (waarskynlik) dieselfde plek in (waarskynlik) dieselfde boot 'n soortgelyke ervaring gehad het. Toe het hulle onverwags baie vis gevang nadat dit juis die Here Jesus was wat vir hulle gesê het om weer die nette te laat sak. Nou het hierdie onbekende Man dieselfde gesê, met dieselfde resultaat – en daarom kon Johannes vir Petrus sê: "Dit is die Here!"

Kom ons dink ook 'n bietjie verder oor Petrus: Op die oggend van die Here Jesus se kruisiging, het Petrus die Here Jesus drie keer verloën deur te ontken dat hy die Here Jesus ken – selfs al het hy die vorige aand verklaar hy sal selfs sy lewe vir die Here Jesus aflê (Joh 13:37). Op daardie oomblik toe Petrus vir die Here Jesus moes getuig, het hy eerder die Here Jesus verloën. Nadat hy die Here Jesus die derde maal verloën het, het die Here Jesus omgedraai en Petrus stip aangekyk (Luk 22:61) – nie soseer veroordelend nie, maar die Here Jesus se kyk het dit tog duidelik gemaak die Here Jesus is bewus dat Petrus gefaal het. Petrus het toe uitgegaan en bitterlik gehuil. Die eerste keer daarna wat ons weer van Petrus lees, was op Opstandingsondag – die oggend by die graf, en ook die aand met die Here Jesus se verskyning. Maar ons lees nie dat die Here Jesus spesifiek met Petrus gepraat het oor sy verloëning nie. Die volgende Sondag was dieselfde. Nou, hier in Joh 21, is dit nog later – en dit knaag steeds aan Petrus: Is hy dalk nou gediskwalifiseer as dissipel? Ja, destyds by hierdie selfde see het die Here Jesus gesê hy gaan 'n visser van mense word. Maar geld dit nog na sy herhaalde verloëning van die Here Jesus? Hy sit en tob hieroor. Terwyl hulle op die Here Jesus in Galilea wag, besluit hy om te gaan visvang – i.p.v. om net te sit en tob. En dan sê Johannes vir hom: "Dit is die Here!" – en Petrus gaan direk oor tot aksie: trek sy bokleed aan, spring in die water – hy wil so gou

moontlik by die Here Jesus uitkom. Daarom is ek nie oortuig hy het sy rug op die Here Jesus gedraai toe hy gaan visvang het nie – kyk hoe gretig was hy om nou by die Here Jesus uit te kom. Dit is nie die optrede van iemand wat die vorige aand besluit het om maar net weer 'n visser te word nie. Dit is eerder die optrede van iemand wie se innerlike stryd hom gedryf het om net iets te gaan doen, terwyl hy wag op die Here Jesus.

Laat my toe om die volgende punt te onderstreep:

- Ons leer uit die gebeure die Here Jesus is soewerein in beheer. Hy kan verskyn wanneer Hy wil, hoe Hy wil en waar Hy wil. As Hy wil dat die dissipels die heel nag nie vis moet vang nie, dan gebeur dit so. As Hy wil dat hulle wel vis moet vang, dan gebeur dit ook so. Onthou: die dissipels was vissermanne van beroep – hulle het geweet hoe om vis te vang. En tog is dit steeds waar: Hulle vang net vis as die Here Jesus dit so wil. En as Hy dit nie wil nie, vang hulle niks. Maar, die Here Jesus speel nie 'n sinlose kat-en-muis speletjie met die dissipels nie – nee Hy gebruik dit om hulle te leer. In Luk 5 het Hy al aangedui hulle gaan vissers van mense word. Hy wil hulle leer dat al gaan hulle toegerus word om vissers van mense te word, sal hulle steeds net sukses bereik omdat Hy die mense stuur om gevang te word – nie omdat hulle sulke goeie vissers is nie. Maar, Hy wil hulle ook leer: Wanneer Hy hulle stuur, kan hulle ook verwag om baie visse te vang. Hy sal ook daarin oorvloedig voorsien. In Luk 5 wou die nette skeur en die bote sink, in Joh 21 kon hulle nie die net in die boot kry nie. Die oes wat hulle moet insamel is groot – Hy sal oorvloedig voorsien – kyk maar net wat het met Pinkster gebeur.

<u>Die liefdevolle Here Jesus bedien ontbyt (Joh 21:9-14)</u>

Lees Joh 21:9. Nadat die dissipels suksesvol die boot en die net groot visse op die land uitgetrek het, sien hulle op die strand is daar 'n koolvuur met vis wat daarop gaargemaak is, asook brood. Waar kom dit alles vandaan? Natuurlik is dit die Here Jesus wat dit alles voorberei het. Lees Joh 21:10. Die Here Jesus nooi hulle ook uit om nog vis te bring – van die wat hulle sopas gevang het – duidelik is daar nou oorvloedig vis.

Lees Joh 21:12-13. Die Here Jesus sê vir hulle: "Kom eet ontbyt!" Let mooi op: dit is die Here Jesus wat vir die dissipels sê: "Kom eet ontbyt!" Dink mooi daaroor wie hulle uitnooi om ontbyt te kom eet wat Hy vir hulle voorberei het: Dit is die Here Jesus! Onthou wie is Hy:

- Laasweek het ons gesien dat Johannes gesê het hy wil ons oortuig die Here Jesus is die Christus, en ook, die Here Jesus is die Seun van God – dit is Hy wat hulle uitnooi: "Kom eet ontbyt!"
- Johannes het in Joh 1 ons al daaraan herinner die Here Jesus is die Een deur wie God alles geskape het – dit is Hy wat die dissipels uitnooi: "Kom eet ontbyt!"
- Johannes het ons al vertel hoe Hy vir 5000 mense kos gegee het op wonderbaarlike wyse – nou nooi Hy die dissipels uit: "Kom eet ontbyt!"
- Hy is die opgestane Here Jesus wat die duiwel en die dood oorwin het. Hy is die Een aan wie die Vader alle mag in die hemel en op die aarde gegee het – dit is Hy wat nou die dissipels uitnooi en sê: "Kom eet ontbyt!"

Geliefdes, dit is verstommend: Die Here Jesus het geweet hoe die dissipels gevoel het: Hulle was fisies moeg na 'n lang nag se geswoeg op die see sonder om enige vis te vang. Maar hulle was ook emosioneel en geestelik moeg na al die gebeure van die afgelope paar weke – die Here Jesus is oorgelewer, gekruisig, het gesterwe en is begrawe. Ja, intussen is Hy opgewek – ja, hulle het Hom al verskeie kere gesien. Maar hulle stoei nog: Wat beteken dit alles? En boonop is daar die groot

opdrag dat hulle uitgestuur word – wat beteken dit alles? Wat wag op hulle? En, soos ons gesien het, het Petrus ook nog sy eie persoonlike worsteling. En volgende week, as die Here wil, gaan ons sien dat die Here Jesus nog groot en belangrike dinge het om vir hulle te vertel. En daarna, soos wat Hy hulle in die bovertrek geleer het, gaan Hy weg – en hulle bly alleen agter. Hulle is so oorweldig deur dit alles. Maar nou sê die Here Jesus: "Kom eet ontbyt!"

Uit vers 12b word hierdie innerlike worsteling van die dissipels duidelik. Ja, hulle weet dit is Hy. Maar is dit werklik Hy? Hulle wil Hom vra: "Is dit U?" Maar hulle waag dit nie. Hulle weet tog dit is Hy. Maar hoekom al hierdie dinge wat so gewigtig en groot is, en wat so moeilik is om alles te begryp? En wat word nou van hulle verwag? Wat gaan aan? Te midde van dit alles, sê die Here Jesus: "Kom eet ontbyt!" En Hy het die brood geneem, en dit vir hulle gegee. En so ook die vis.

Let op: ons lees nie spesifiek dat die Here Jesus ook geëet het nie – heelwaarskynlik het Hy saam met hulle geëet - maar dit word nie pertinent gesê nie. Die doel met hierdie ete was nie om hulle te oortuig Hy leef werklik weer nie. Die doel was dat Hy aan hulle kos wou gee – hulle rustig wou maak sodat hulle ook aandagtig kan luister wanneer Hy later met hulle praat oor die pad vorentoe. Dit is die liefdevolle Here Jesus wat begryp wat in die gemoed van Sy dissipels aangaan, wat hulle gerus wil stel, hulle 'n blaaskans wil gee om tot verhaal te kom, en aan hulle ontbyt bedien.

Is dit nie heerlik nie? Hy beheer alles. Hy oorwin die duiwel en die dood. Hy stuur die visse in die see na waar Hy hulle wil hê. Maar Hy weet ook wanneer Sy dissipels moeg en uitgeput is – en dan bedien Hy ontbyt aan hulle.

<u>Toepassing</u>

Die lewe kan by tye baie uitdagend word: Ons het sekere verantwoordelikhede: by die werk, in ons huisgesinne, in die samelewing en ook in die kerk. Soms word dit te veel – ons weet nie waar om te vat en waar om te los nie. En asof dit nie veeleisend genoeg is nie, duik daar krisisse op: Ek word siek, of word afgedank. Daar kom uitdagings wat ek nie 'n idee het hoe om dit aan te pak nie. Miskien het ek iewers foute gemaak wat reggestel moet word. Hoe moet ek dit doen? Gaan my verskoning aanvaar word? Gaan ek nog 'n kans gegun word? Wanneer dit alles gebeur, is daar 'n paar dinge wat ons uit hierdie gedeelte wat ons nou oordink het, leer:

- Die Here Jesus is steeds soewerein in beheer. Hy ag dit soms nodig dat ons 'n nag lank nie visvang nie. Maar, genadiglik, ag Hy dit ook van tyd tot tyd nodig dat ons wel visvang – by tye selfs baie en groot visse. Maar Hy het 'n doel met dit alles: Hy wil dat ons Hom sal raaksien en erken in dit alles – soos Johannes Hom erken het in die gebeure vroeg daardie oggend. Johannes kon Hom erken, want hy het geleer om sy oë oop te hou, om te besin oor wat met hom en rondom hom gebeur, oor hoe die Here Jesus werk. En ons moet ons ook hierin verdiep. Ons moet ons ook verdiep in hoe die Here Jesus al gewerk het. Ons het die Woord waarin ons dit kan lees. Ons het ook al die Here Jesus se optrede in ons eie lewens gesien en ervaar. Ons moet onsself hieraan herinner – dan kan ons ook die hand van die Here Jesus raaksien in ons lewens – soos wat Johannes gesien het dit is die Here Jesus wat met hulle werk.
- Daardie oggend het die Here Jesus vir die dissipels gevra: "Julle het seker niks om te eet nie?" – Hy het nie gevra "Het julle iets om te eet nie?" Hy het geweet hulle het niks om te eet nie. Hy wou hulle bewus maak van hulle eie nood – immers het Hy deur die loop van die nag die visse van hulle nette weg gehou. Maar die volgende oggend gee Hy weer vir hulle baie vis – en skielik kan hulle Hom raaksien vir wie Hy is. Hoekom werk Hy so? Want so het Hy hulle geleer hoe afhanklik hulle van Hom is om te kan doen wat Hy van hulle verwag om

te doen – naamlik om vissers van mense te word. En so wil Hy ons ook leer om ons verantwoordelikhede te kan nakom – ons moet leer ons is in alles absoluut afhanklikheid van Hom.

- Maar ons moet ook raaksien: Hy is diep bewus van ons behoeftes. Hy weet selfs wanneer ons behoefte het aan ontbyt. En dan sal Hy selfs die ontbyt bedien. Ons moet ons in berus in die wete: Hy weet wat ons nodig het om te doen wat Hy gedoen wil hê. Ons kan hom daarvoor vertrou. En as ons behoefte het aan ontbyt, sal Hy dit voorsien.
- Ons moet ook begryp die Here Jesus wou op hierdie manier juis die dissipels voorberei vir die groot taak wat op hulle wag om vissers van mense te word. Ons het ook steeds daardie opdrag. En as daardie opdrag by tye vir ons oorweldigend word, moet ons juis aan hierdie gebeure dink, en bemoedig word.